# Die gebruik van die Ou Testament in die begronding van die kerk se kultuurtaak — 'n hermeneutiese probleem

**A P B Breytenbach**
**Departement Ou-Testamentiese Wetenskap (Afd A)**
**Universiteit van Pretoria**

**Abstract**
**The use of the Old Testament in motivating the church's responsibility towards the social order — a hermeneutical issue**
*The conviction within the ranks of the Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika that the church has a responsibility with regard to the social order is strongly based on a reading of the Old Testament which can be traced back to Calvin. The hermeneutics underlying this kind of reading of the Old Testament basically works with a 'deeper' meaning — a meaning which can be brought to light by means of typological exegesis. The author argues that this kind of hermeneutics cannot be maintained in the after-math of historical-critical research. The argument is put forward that the church does not have a responsibility when it comes to the structuring of society. The theological position of the author is one which links up with dialectical theology.*

## 1. INLEIDING

Daar is 'n wydverbreide oortuiging in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika dat die kerk in die wêreld 'n kultuurtaak het (Nederduitsch Hervormde Kerk 1995: 316). Indien artikels en kommentaar in die amptelike publikasies van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika oor die afgelope drie jaar in ag geneem word, is dit duidelik dat die oortuiging dat die kerk 'n kultuurtaak het, ook in dié geledere wyd voorkom. Vir die doel van hierdie artikel sal ek my hoofsaaklik tot die Nederduitsch Hervormde Kerk Afrika en die tradisie waarop hy hom beroep, beperk.

Daar is nie onder teoloë eenstemmigheid oor presies wat kultuur alles behels nie. Dit bring noodwendig mee dat die opinies ook uiteenloop oor die vraag wat die kultuurtaak van die kerk is. Daar is trouens 'n hele spektrum van standpunte oor die saak. Aan die een kant van die spektrum is daar diegene wat meen dat die kerk inspraak moet hê in die inrigting van elke aspek van die samelewing. Dit beteken dat die kerk sy stem moet laat hoor oor maatskaplike, politieke, ekonomiese en watter ander sake daar



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

ook al is. Hierdie standpunt word gewoonlik gedra deur die oortuiging dat daar bepaalde beginsels in die Skrif deur God gegee is waarvolgens die samelewing ingerig moet word. 'n Samelewing wat volgens hierdie beginsels ingerig is, is dan 'n Christelike samelewing en 'n regering wat genoemde beginsels toepas, sou as 'n Christelike regering getipeer kon word. Aan die ander kant van die spektrum is daar diegene wat meen dat die kerk alleen die taak het om in en aan die wêreld die evangelie van die verlossing deur Jesus Christus te verkondig. Die kerk het dus net 'n getuienistaak en bekommer hom geensins oor die inrigting van die samelewing nie. Waar mense hierdie evangelie glo sal hulle lewens en daarmee saam ook hulle deelname aan die samelewing vanselfsprekend verander. Tussen hierdie twee uiterste standpunte is daar natuurlik 'n hele reeks moontlikhede, onder andere dat die kerk hom net moet bemoei met dié sake waarby hy 'n direkte belang het, soos die opvoeding en onderwys van sy kinders.

In hierdie artikel gaan dit oor die vraag hoe die Ou Testament hermeneuties gefunksioneer het by die begronding van die oortuiging dat die kerk wél 'n kultuurtaak het. Vanweë die uiteenlopende standpunte oor wat alles onder kultuur verstaan moet word en gevolglik ook die verskil van standpunte oor wat presies die kerk se kultuurtaak is, word daar in hierdie artikel nie gewerk met 'n wetenskaplike definisie van kultuur nie. Wanneer daar in die geledere van die Nederduitsch Hervormde Kerk debat gevoer word oor die vraag of die kerk 'n kultuurtaak het of nie, word daar trouens ook nie met 'n wetenskaplike definisie van kultuur gewerk nie. Daar word bloot geredeneer oor die vraag of die kerk inspraak moet hê in die inrigting van die samelewing deur middel van sake soos die wetgewing oor dobbelary, heiliging van die Sondag, aborsie, die doodstraf en ander samelewingskwessies (Steenkamp [1996]:8).

Die vraag of die kerk 'n kultuurtaak het of nie, is op die voorgrond gestoot deur die verandering van regering in Suid-Afrika en die gepaardgaande verlies van seggenskap oor die samelewing wat veral die drie susterkerke ervaar. Dit gaan in die debat dikwels dan ook oor die handhawing van wat breedweg genoem kan word Afrikanerkultuur. So word daar byvoorbeeld van die kerk verwag om standpunt in te neem oor die posisie van Afrikaans in die samelewing (vgl byvoorbeeld *Die Hervormer* 1991:4; 1994:1).

Dit gaan dus wesenlik oor die inrigting van die samelewing, soos gesien uit die hoek van dié groep mense wat hulleself as die voortsetting van die tradisionele Afrikaner beskou. Dit gaan oor die vraag na die institusionele kerk se inspraak in hierdie inrigting van die samelewing.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## 2. DIE HERMENEUTIESE HANTERING VAN DIE OU TESTAMENT IN DIE BEGRONDING VAN DIE KERK SE KULTUURTAAK

### 2.1 Hermeneutiese vertrekpunte van Calvyn

Dit is 'n gemeenplaas dat die teologiese tradisie van die Nederduitsch Hervormde Kerk baie sterk steun op die leerstellings van Calvyn. Dit is ook duidelik dat teoloë wat die oortuiging huldig dat die kerk 'n taak het wanneer dit kom by die inrigting van die samelewing, baie nou aansluit by die denke van Calvyn en die Calvinistiese tradisie (Pont 1986:73-75). In die lig hiervan is dit nodig om 'n oomblik stil te staan by die hermeneutiese vertrekpunte wat Calvyn daarop nahou met betrekking tot die Ou Testament.

#### 2.1.1 Die Ou Testament as Woord van God

Uit sy Institusie is dit duidelik dat Calvyn die Ou Testament verstaan en hanteer as 'n tydlose geskrif met 'n eenduidige voorskriftelike boodskap wat geld vir alle mense van alle tye. Ou en Nuwe Testament is, alhoewel daar verskille bestaan, één Heilige Skrif wat wesenlik dieselfde inhoud en gelyke gesag het. Dit is onder andere duidelik uit die volgende aanhalings:

> Uit het voorgaande kan reeds duidelijk zijn, dat alle mensen, die God van het begin der wereld af tot zijn volk heeft aangenomen, door dezelfde wet en door de band derselfde leer, die onder ons van kracht is, met Hem verbonden geweest zijn .... Het verbond met alle vaderen verschilt in wezen en zaak in het geheel niet van het verbond met ons, maar is geheel één en hetzelfde. Alleen de bediening verschilt .... By drie hoofdzaken nu moet men vooral stilstaan. In de eerste plaats, dat wij er aan vasthouden, dat niet de vleselijke rijkdom en voorspoed de Joden als doel gesteld is, waarnaar zij moesten streven, maar dat ze verkoren waren tot de hoop op onsterfelijkheid en dat de waarachtigheid van deze aanneming hun door Goddelijke openbaringen, door de wet en door de profeten bevestigd is. Vervolgens, dat het verbond, waardoor zij met God verbonden zijn, op geen enkele verdienste van henzelf, maar alleen op de barmhartigheid van God, die hen riep, gegrondvest was. In de derde plaats, dat zij gehad en gekend hebben de Middelaar Christus, door wie zij met God verenigd en zijn beloften deelachtig zouden worden.
>
> (Calvyn 1559:II.10, 1 = *Inst* II).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> Laat ons dus op die voorgrond stellen dat het een verbond is, hetwelk Hij eenmaal bevestigd heeft als een eeuwig en onvergankelijk verbond.
>
> (*Inst* II.11, 4)

Hierdie vertrekpunte bring mee dat Calvyn onder andere in sy beredenering en dogmadiskussie die Ou en die Nuwe Testament op gelyke voet aanhaal.

### 2.1.2 Die dekaloog

In sy hantering van die Ou Testament neem die dekaloog (*zedenwet*) 'n besondere plek in. Vir Calvyn is die dekaloog 'n allesomvattende gedragskode wat bedoel is vir alle gelowiges van alle tye. Hy stel dit soos volg:

> De zedenwet dus (om daarmee te beginnen) is vervat in twee hoofdstukken, van welke het ene eenvoudig gebiedt God met een rein geloof en reine vroomheid te dienen, en het andere de mensen met oprechte liefde te omhelzen, en zo is ze de ware en eeuwige regel der gerechtigheid, voorgeschreven aan de mensen van alle volkeren en alle tijden, die hun leven naar Gods wil willen inrichten.
>
> (*Inst* IV 20, 15)

Die dekaloog is egter nie net vir gelowiges bedoel nie, maar bied ook die basiese riglyne waarvolgens die samelewing georden moet word:

> Daar verder vaststaat, dat Gods wet, die wij de zedewet noemen, niet anders is dan een getuigenis van de wet der natuur en van die consciëntie, die door God in de harten der mensen ingegrift is, is het ganse beginsel der billijkheid, waarover wij nu spreken, daarin geschreven. Daarom moet ook zij alleen het doel, de regel en de grens zijn van alle wetten. Alle wetten, die naar die regel gemaakt, op dat doel gericht en door die grens afgebakend zijn, bieden geen reden dat wij ze zouden afkeuren, ook al verschillen zij van de Joodse wet of van elkander.
>
> (*Inst* IV 20, 16)

## 2.2 Die verbond in die Calvinistiese tradisie

Calvyn het die verhouding tussen God en alle gelowiges verstaan as 'n verbondsverhouding. Dit was 'n noodwendige gevolg van sy hermeneutiese vertrekpunt dat die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

verbond waarvan die Ou Testament praat, wesenlik dieselfde is as die verbond wat deur Christus tot stand gekom het (vgl aanhaling hierbo). Dat daar net één verbond is, word veral duidelik in Calvyn se begronding van die kinderdoop. Hy stel dat doop en besnydenis wesenlik dieselfde is omdat die verbondsbeloftes by albei wesenlik dieselfde is (*Inst* IV 16, 2-5). Dit is trouens een en dieselfde verbond wat met Jode en Christene gesluit is: 'Immers, het is zeer duidelijk, dat het verbond, hetwelk de Here eenmaal met Abraham gesloten heeft, evenzeer tegenwoordig voor de Christenen stand houdt, als oudtijds voor het Joodse volk, en dat dus dat woord evenzeer op de Christenen ziet, als het toen op de Joden zag' (*Inst* IV 16, 6).

Calvyn se standpunt oor die Ou Testament as 'n tydlose geskrif met 'n eenduidige voorskriftelike boodskap vir alle mense van alle tye bring hom daartoe om ook die verbond wat in die Ou Testament tussen koning en volk gesluit is, te interpreteer as 'n model vir die verhouding tussen owerheid en volk in sy eie tyd (Dreyer 1995:17-19). Na die voorbeeld van die goeie konings uit die tyd van die Ou Testament moet elke regering met die dekaloog as grondreël (omdat daarin die ware *religie* vervat is) die samelewing orden met die oog daarop dat daar 'onder de Christenen een openbare gedaante van religie zou zijn en onder de mensen, menslievende omgang zou bestaan' (*Inst* IV 20, 3).

Dit was egter veral die latere navolgers van Calvyn wat die teologie oor die verbond verder ontwikkel het en daarmee uiteindelik 'n omvattende begronding vir die kerk se inspraak in die inrigting van die samelewing verskaf het (vgl Pont 1986:32-38 vir die historiese ontwikkeling in Nederland in hierdie verband). In hierdie teologisering het begrippe soos 'teokrasie' en 'koninkryk van God' 'n belangrike plek begin inneem. Pont (1986:37 v) stel die saak soos volg:

> Die basis van hierdie denke is dat die hele volk, kragtens die doop, deel is of vormgewing is van die verbond. In hierdie teokratiese denke, soos verwoord in Art 36, is dit die plig van die owerhede, as regeerders vanweë die genade van God, om die eer van God te handhaaf in die openbare lewe en om te verhoed dat die ware diens van God deur 'openbare goddeloosheden' belemmer word. In hierdie denke het die owerheid die taak om die volkslewe te help heilig, want die Reformatoriese owerheid moet, in die openbare lewe, die twee tafels van die Wet handhaaf. In hierdie siening is die ideaal van 'n heilige volkslewe, soos dit in Israel gevind word, 'n voorbeeld van wat nagestreef moet word. Vanuit die Woord moet kerk en owerheid saamwerk en het die owerheid 'n besliste



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> taak: 'sodat God deur elkeen geëer en gedien word' (NGB, Art 36). Die hele lewe en kultuur van die volk moet gekersten word sodat op dié manier die koninkryk van God bevorder kan word ....
>
> Hier is die taak van die kerk, as gedoopte verbondsvolk, om owerheid én volk met die Woord te bedien sodat die koninkryk in die volk 'n gestalte sal kry. Dít wil nie sê dat die kerk die hele volk omvat of dat die volk die kwaliteit van die kerk bepaal nie, maar dat die kerk kerk van Jesus Christus in die nasionale bestaan van daardie volk is om so deur sy bestaan en veral sy prediking die gemenebes te kersten.

Hierdie teologiese standpunt het veral via die werk van W á Brakel en die sogenaamde *oude schrijvers* 'n vastrapplek gekry in die vroeë geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (Pont 1986:53-60; 1991:786-789).

### 2.3 Nawerking in die huidige tyd

Die hermeneutiese vertrekpunte van Calvyn oor die Ou Testament en verbond en die latere teologisering oor teokrasie en die ryk van God, soos dit onder andere gestol het in die dogmatiese besinning van 'n teoloog soos á Brakel, vind klaarblyklik vandag nog navolging in die geledere van teoloë in die Nederduitsch Hervormde Kerk. Dit word duidelik uit die volgende simpatieke beoordeling van Pont (1986:56-58):

> Dit, net soos Retief se ampseed, lê volkome binne die visie van die Calvinistiese teokrasie waar volk, kerk en owerheid 'n vanselfsprekende en organiese eenheid is. Die siening kan nie sonder meer as 'Ou Testamenties' getipeer word as sou dit net 'n beperkte geldigheid gehad het nie. Die Voortrekkers het onder andere by á Brakel geleer dat die Skrif 'n eenheid is en dat die Ou Testament nie teen die Nuwe Testament afgespeel kan word nie ....
>
> Dit is waarskynlik aan die Voortrekkers se verbondsteologie te danke dat hulle nogal reëlmatig as 'Outestamentiese gelowiges' aangedui word. As egter in ag geneem word dat á Brakel die genadeverbond, waarvan Jesus Christus die Middelaar is, beskryf as die verbond wat direk na die sondeval gesluit word (Gen 3:15), en dat al die ander verbondsluitings slegs bevestiging van die genadeverbond is, is dit verstaanbaar dat die Ou Testament nie as die verbygegane beoordeel word nie, maar as prinsipieel één met die Nuwe Testament.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> Daarby is dit duidelik dat vir die Voortrekkers die beskrywing van die volkslewe in die Ou Testament, nie 'n saak was wat nét Israel gegeld het nie. Uit á Brakel en ook die ander *oude schrijvers* blyk dit dat die volkslewe van Israel paradigmatiese betekenis het, want daar word die grondlyne getrek van die gestalte wat die Christelike gemenebes moet dra. Daarom is dit miskien ook nie so vreemd dat die Voortrekkers soms na hulle leiers as rigters/regters verwys nie. Die Voortrekkers het, op die patroon van die Calvinistiese teokrasie, die kerk in die wêreld gestruktureer en rondom die kerk, die samelewingspatroon vanuit die kerk vorm gegee, sodat die hele volkslewe in diens van God en tot eer van God sou bestaan. Uit die Ou Testament word dit duidelik dat God self eis dat die hele volkslewe, onder kerklike en burgerlike owerheid, daar is om Hom te dien, te prys en te eer. Die koninkryk van God is nié 'n saak wat eers in die Nuwe Testament na vore kom nie, maar dit is die roeping en doel van die Godsvolk, die verbondsvolk wat as heilige volk in die wêreld moet staan. Daarom is dit vanselfsprekend dat die Voortrekkers ook en juis die Ou Testament so sorgvuldig gelees en probeer naleef het en paralelle gevind het tussen die geskiedenis van die ou volk en hulle eie bestaan. Dit het nie van hulle 'Outestamentiese gelowiges' gemaak nie asof dit sou beteken dat hulle Jesus Christus as Middelaar en Borg nie geken het nie. Op die voetspoor van á Brakel het hulle die Ou Testament gelees as 'n onafskeidbare deel van die Heilige Skrif waarvan Jesus Christus ook die sentrum was. Miskien bly die opmerking van Van Ruler tog waar dat elke teokrasie nie anders kan as om Ou-Testamentiese karakter te vertoon nie.

Daar word in die huidige debat, met die verbond as vertrekpunt, dikwels ook soos volg geredeneer: God se verbond in die Ou Testament het geëis dat die totale samelewing ingerig word volgens die wil van God, soos vervat in die dekaloog en ander gebooie. Dieselfde geld in ons eie tyd, naamlik dat die verbond van God met mense eis dat die samelewing in al sy geledinge ingerig word volgens die wil van God.

### 2.4 Samevatting

Die standpunt in die geledere van die Nederduitsch Hervormde Kerk dat die kerk 'n taak het met betrekking tot die inrigting van die samelewing, is 'n tipiese Calvinistiese erfenis. Dit geld veral die standpunt dat die kerk teenoor die owerheid moet getuig of die owerheid moet vermaan of aanspoor om die samelewing op so 'n wyse te orden dat



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

die dekaloog die grondreël sal wees. Sake soos die afwys van godsdiensgelykheid (op grond van die eerste gebod), die afwys van aborsie (op grond van die sesde gebod) en die handhawing of herinstelling van die doodstraf (nieteenstaande die sesde gebod!) kry gewoonlik besondere aandag. Soos aangedui, word hierdie standpunt oor die kerk se inspraak in die inrigting van die samelewing baie sterk begrond vanuit die Ou Testament. Dit berus op sy beurt weer op 'n bepaalde verstaan van die Ou Testament.

## 3. EVALUERING EN KRITIEK

### 3.1 Calvyn se standpunte

Calvyn se hantering van die Ou Testament weerspieël in alle opsigte 'n eietydse verstaan (De Greef 1984:253-263). Dit is tiperend van die sestiende- en sewentiende-eeuse Skrifhantering om:

* die Ou Testament op 'n voor-kritiese manier te gebruik deur nie sy literêre en historiese konteks in ag te neem nie;
* die Ou Testament op 'n tipologiese wyse Christologies te interpreteer en die Ou Testament te verstaan as die boek van beloftes wat in Christus in vervulling gegaan het;
* die eksegese van die Ou Testament só te doen dat die resultate die sestiende-eeuse Gereformeerde dogmatiek kaats;
* deur rasionele bewysvoering bepaalde dogmatiese leerstukke te onderbou (Bosman et al 1987:67).

Hierdie soort Skrifhantering is meegebring deur die polemiek teen die pous as amptelike uitleginstansie van die kerklike leer. Die polemiek het onder andere neerslag gevind in slagspreuke soos *sola scriptura* en *scriptura sacra sui ipsius interpres*. Dié bepaalde soort Skrifhantering is ook meegebring deur die aanvaarding van die Nuwe-Testamentiese en na-Nuwe-Testamentiese skrywers se hantering van die Ou Testament as norm vir hulle eie hantering van die Ou Testament. Alhoewel Luther, Calvyn en hulle navolgers gebreek het met wyses van Skrifhantering soos allegoriese uitleg (vgl Gal 4:21-31) en die viervoudige Skrifsin (Johannes Cassianus), het hulle nie gebreek met die basiese vertrekpunt in die Nuwe Testament nie, naamlik dat die Ou Testament naas die gewone betekenis ook 'n dieper betekenis het (*sensus plenior*) en dat daardie dieper betekenis die eintlike betekenis is (vgl Ef 5:31v).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Terwyl 'n mens begrip het vir Calvyn wat as kind van sy tyd die Ou Testament op 'n bepaalde manier gelees het en betrokke is in 'n debat met verskillende groepe, en dit nie billik sou wees om hom en sy tydgenote, wat vanuit 'n voor-kritiese perspektief met die Skrif gewerk het, wysneusig te kritiseer vanuit 'n na-kritiese perspektief nie, lyk dit tog noodsaaklik om 'n paar opmerkings te maak oor sommige aspekte van Calvyn se hantering van die Ou Testament.

### 3.1.1 Die uitverkiesingsdogma as dwingende hermeneutiese prinsipe

Dit is duidelik dat Calvyn vanweë sy standpunt oor die uitverkiesing eintlik gedwing was om die Ou Testament en veral die verbond in die Ou Testament te verstaan as tydloos en daarby ook wesenlik dieselfde as dít wat vanaf die Nuwe-Testamentiese tyd geld. Wanneer hy stel 'dat alle heiligen, die door God, volgens het verhaal der Schrift, van het begin der wereld af in het bijzonder uitverkoren zijn, met ons mededeelgenoten geweest zijn aan dezelfde zegening tot eeuwige zaligheid' (*Inst* II 11, 10) dan is dit onvermydelik dat hy die Ou Testament iets anders moet laat sê as wat gewoon daar staan. Hy doen dit (soos aangedui) deur te werk met 'n verborge betekenis van die Ou Testament wat in 'n belofte-vervullingskema tuisgebring word, en wat hy dan 'ontgin' deur metodes van uitleg soos die aanhaal van woorde buite die verband waarin hulle staan en deur tipologie (*sensus literalis compositus*).

### 3.1.2 Rasionalistiese teologisering

Calvyn maak ook ruim gebruik van rasionalistiese beredenerings wat op skolastiese wyse die eksegetiese 'resultaat' inorden in 'n sluitende dogmatiese konstruk. So sal hy byvoorbeeld sy standpunt dat die aartsvaders eintlik nie die land Kanaän as belofte ontvang het nie, maar die ewige lewe, begrond met die argument dat Abraham, Isak en Jakob se moeilike lewensomstandighede en die feit dat hulle nie die land Kanaän besit het nie, 'n bewys is dat hulle die ewige lewe verwag het! Calvyn doen dit in aansluiting by Hebreërs 11:9. Hy sê onder andere:

> En wanneer hij [Jakob] zegt, dat hij zijn leven doorgebracht heeft in onafgebroken ellenden, dan drukt hij daarmee ongetwijfeld uit, dat hij niet die voorspoed ondervonden heeft, die hem door de Here beloofd was. Dus òf Jacob was een boos en ondankbaar schatter van Gods genade, òf hij verklaarde naar waarheid, dat hij ellendig geweest was op aarde. Indien zijn versekering waar was, dan volgt daaruit, dat hij zijn hoop niet gevestigd had op aardse zaken ....



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> Want indien ze gasten en vreemdelingen zijn in het land Kanaän, waar is dan de belofte des Heren, waardoor ze tot erfgenamen van dat land gesteld waren? Hij geeft dus duidelijk aan, dat wat de Here hun aangaande de bezitting beloofd had, een verdere strekking had. En daarom hebben zij ook geen voet gronds verworven in het land Kanaän, behalve tot een graf, waardoor zij betuigden, dat zij de vrucht der belofte slechts na de dood hoopten te verkrijgen.
>
> (*Inst* II 10, 12-13).

Net so is Calvyn se rasionalistiese afmaak van die Ou-Testamentiese offerkultus duidelik daarop gemik om die hele saak van die offers as skaduwees van die werklikheid wat in Christus sou aanbreek (dit wil sê die belofte-vervullingskema) te versterk. Hy sê byvoorbeeld:

> Want wat is meer ijdel en onbeduidend dan dat de mensen, om zich met God te verzoenen, de stinkende reuk uit het vet der beesten offeren? Dat zij, om hun eigen vuil af te wassen, de toevlucht nemen tot de besprenkeling met water of bloed? Kortom de gehele dienst der wet zal, wanneer hij op zichzelf beschouwd word en niet de skaduwen en gedaanten bevat, aan welke de waarheid beantwoordt, een geheel bespottelijke zaak zijn ....
>
> Maar dat voorbeeld toont aan, dat God niet daarom offeranden bevolen heeft, om zijn dienaren met aardse oefeningen bezig te houden, maar veeleer om hun verstand omhoog te richten. En dat kon ook uit Gods natuur duidelijk blijken; want, gelijk Hij geestelijk is, heeft Hij ook in geen andere dan geestelijke dienst behagen.
>
> (*Inst* II, 7; 1 vgl ook II 11, 10).

Dit is hierdie soort teologisering wat aan Calvyn se andersins magistrale werk ernstig afbreuk doen en by die kritiese leser die oorheersende indruk laat dat Calvyn se verstaan van die Ou Testament bloot dienstig is aan standpunte wat hy ingeneem het in sy eie polemiese situasie. Dit geld ook sy gebruik van die Ou Testament as begronding vir die inrigting van die samelewing.

### 3.2 Voor-kritiese verstaan van die Ou Testament in die na-kritiese era?

Dit is vir my duidelik dat die hermeneutiese vertrekpunte van Calvyn, sy manier van teologisering asook dié van sy navolgers nie meer gehandhaaf kan word deur teoloë in


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

die na-kritiese era nie. Om die Ou Testament te lees as 'n tydlose geskrif met 'n eenduidige voorskriftelike boodskap beteken eenvoudig dat die vrae en probleme wat deur die afgelope twee eeue se toegewyde bestudering van die Ou Testament op die tafel geplaas is, geïgnoreer word. Ontwikkeling op die terrein van die Ou-Testamentiese Wetenskap die afgelope twee eeue en die onweerlegbare resultate wat dié navorsing opgelewer het, maak dit ondenkbaar dat die Ou Testament in 'n teologiese debat nog met 'n 'eerste naïewiteit' gebruik kan word. Van Ruler sê byvoorbeeld oor Luther se standpunt dat Christus self waarlik en histories in die Ou Testament gevind kan word: 'As I see it, historico-critical work has now made this a complete impossibility' (Van Ruler 1971:73 — Ongelukkig was hierdie werk slegs in vertaling beskikbaar). Hierdie navorsing is nie net moontlik gemaak deur die Reformasie nie (Van Ruler 1971:11), maar is ook feitlik sonder uitsondering in eg-Reformatoriese kringe gedoen.

> ... [I]t was the dynamics of Reformation theology that created the needs which biblical criticism was developed to answer. Take that great Protestant principle, the 'plain sense of scripture', and add to it that other great guide to understanding, namely that one should 'compare scripture with scripture': where do these lead but to what Wellhausen, among others, did?
>
> (Barr 1983:37)

Om die verhouding tussen Ou en Nuwe Testament te verstaan as dié van belofte-vervulling en dus *per se* met 'n 'dieper betekenis' van die Ou Testament te werk beteken dat die teoloog byvoorbaat gedoem is tot 'n selektiewe lees van die Ou Testament. Erger nog is dat die Ou Testament effektief ontkragtig word, want waarom sal 'n mens die Ou Testament lees met die doel om daarin 'n verborge betekenis te ontdek wat buitendien duidelik, helder en onverborge in die Nuwe Testament geskryf staan? Wie *sensus plenior* as vertrekpunt het by die lees van die Ou Testament, staan sonder dat hy dit weet of bedoel, langs Marcion.

Die navorsing op die terrein van die Bybelwetenskap het ook 'n ander verskuiwing meegebring: Die standaard en kriterium vir die beoordeling van die geldigheid van eksegetiese resultate, lê nie meer by die kerklike dogma soos in die tyd van Calvyn nie, maar by die navorsing self (Barr 1983:108). Dit beteken dat ons voorverstaan van die teks (wat meestal kerklik-dogmaties gekleur is) nie meer die maatstaf is vir ons verstaan nie, maar dat dit krities bevra word in die eksegetiese proses, wat op sy beurt 'n stuk navorsing is. Dit is *sola scriptura* in sy suiwer vorm. Dit is dus vandag ongehoord



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

om, soos die navolgers van Calvyn gemaak het, die verbond (soos deur hulleself geïnterpreteer!) as 'n sentrale begrip in die Bybel te poneer en dan die Ou Testament in terme daarvan uit te lê.

### 3.3 Die Reformatoriese geskrifte 'misverstaan'

In Reformatoriese kringe is die saak lankal uitgemaak dat die Woord van God na ons kom in mensewoorde. Dit beteken eenvoudig dat die historiese gesitueerdheid van die versameling boeke wat ons die Ou en Nuwe Testament noem, voluit in berekening gebring moet word in die eksegese en in ons sistematisering van die eksegetiese resultate.

Dit word oor 'n breë linie toegegee. Wat egter opvallend is, is dat baie teoloë wat dit toegee, daarvan wegskram om ook die geskrifte van die Reformasie se historiese gesitueerdheid voluit in berekening te bring. Daar word nie rekening gehou daarmee dat al die geskrifte uit die tyd van die Reformasie polemiese geskrifte was nie. Daarby word buite rekening gelaat dat die Reformasie naas baie ander dinge ook 'n proses van demokratisering was. Die klem op die verbond tuseen volk en owerheid, die klem op die owerheid se verantwoordelikheid vir 'n geordende samelewing en die klem op die kerk se 'seggenskap' oor die owerheid en gemeenskap deur middel van die Tien Gebooie, moet word verstaan word binne die konteks van polemiek teen die politieke mag van die Rooms-Katolieke kerk en binne die konteks van demokratisering. Indien die Nederlandse Geloofsbelydenis nie 'n verweerskrif was in die besondere omstandighede van die jare 1559 tot 1561 nie, sou daar waarskynlik nooit 'n Artikel 36 in hierdie belydenisskrif opgeneem gewees het nie. Die teologie wat Artikel 36 adem, is dié van Calvyn en die Reformasie, maar die tema 'burgerlike owerheid' is 'n *Fremdkörper* in die Ekumeniese Simbole en die res van die drie Formuliere van Eenheid. Terwyl die inhoud van genoemde belydenisse en belydenisskrifte fokus op die mens voor God (sy skuld, sy verlossing, sy lewe in diens van God — ons sou kon sê die mens se saligheid), gaan dit in Artikel 36 oor 'n saak wat met die mens se saligheid niks te doen het nie, want die kerk was vir sy bestaan in die wêreld nog nooit afhanklik van 'n wêreldse owerheid nie. Trouens, in die geskiedenis het dit telkens geblyk dat die ware kerk gegroei het in tye van vervolging deur die owerheid. 'Freiheit der Kirche ist nicht dort, wo sie Möglichkeiten hat, sondern allein dort, wo das Evangelium sich wirklich und in eigener Kraft Raum auf Erden schafft, auch und gerade wenn ihr keine solchen Möglichkeiten angeboten sind' (Bethge 1958:337). In die lig hiervan moet die belangrike plek wat Artikel 36 soms inneem in die teologiese nadenke oor die bestaan van die kerk in 'n land, ernstig bevraagteken word. (Vgl byvoorbeeld Pont 1986:60v waar, in aansluiting by die 'teokratiese denke' wat in Artikel 36 verwoord is, die kerk beskryf word as 'die godsdienstige keersy van die volk wat 'n land bewoon'.)



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

### 3.4 Die dekaloog in die Reformatoriese geskrifte

Die besondere plek wat die dekaloog in die Reformatoriese geskrifte inneem, moet ook binne konteks gesien word. Die prominensie wat Calvyn aan die dekaloog verleen en wat ook neerslag gevind het in die Heidelbergse Kategismus, kan teruggevoer word na die plek wat Luther daaraan gegee het in sy kategetiese onderrig. Luther moes die basiese inhoud van die geloof in memoriseerbare vorm aan veral kinders en ongeletterdes in die samelewing leer. Daarvoor het hy die Tien Gebooie, die Twaalf Artikels en die Ons Vader gekies. Hy sê dan ook in sy voorrede tot die *Großer Katechismus:*

> Das sind die nötigsten Stücke, die man zum ersten lernen muß, von Wort zu Wort verzählen, und soll die Kin'der dazu gewehnen, täglich, wenn sie des Morgens aufstehen, zu Tisch gehen und sich abends schlafen legen, daß sie es müssen aufsagen, und ihn nicht Essen noch zu trinken geben, sie hätten's denn gesagt. Desgleichen ist auch ein iglicher Hausvater schuldig, mit dem Gesind, Knecht und Mägden zu halten, daß er sie nicht bei sich halte, wo sie es nicht können oder lernen wöllen. Denn es ist mit nichte zu leiden, daß ein Mensch so rohe und wilde zei und solches nicht lerne, weil in diesen dreien Stücken kürzlich, gröblich und aufs einfältigste verfasset ist alles, was wir in der Schrift haben; denn die lieben Väter oder Apostel (wer sie gewesen sind) haben also in eine Summa gestellet, was der Christen Lehre, Leben, Weisheit und Kunst sei, wovon sie reden und handlen und womit sie ümbgehen.
>
> (*Bekenntnisschriften* 1979:557)

Uit hierdie aanhaling is dit duidelik dat Luther in die aanleer van onder andere die Tien Gebooie, iets van 'n beskawende element gesien het (vgl 'ein Mensch so rohe und wilde'). Calvyn het hierdie aspek verder gevoer en gestel dat die Tien Gebooie noodsaaklik is vir 'n geordende samelewing. Daarmee het die Tien Gebooie by Calvyn en sy navolgers baie méér geword as wat dit in die Ou Testament bedoel was om te wees. In Eksodus en Deuteronomium is die Tien Gebooie onlosmaaklik deel van die verbond wat God met *Israel* gesluit het (vgl Eks 19:1-20:17; Deut 5:1-21). Dit is nie wette nie, maar lewensreëls waarmee dié mense met wie JHWH in verhouding getree het by Sinai, hulle lojaliteit teenoor Hom kan uitleef (Deut 6:4-9). Die saak waaroor dit dus gaan, is nie die ordening van 'n samelewing nie, maar die verhouding wat God in sy genade en onverklaarbare liefde met Israel geskep het (Deut 7:7-11). Die vrywillige nakoming van die gebooie is Israel se antwoord op God se liefde, en sulke lojaliteit en



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

dankbaarheid maak weer 'n stortvloed liefde van God se kant af los (Deut 7:12-15). Die Tien Gebooie is absoluut ingebed in die verhouding God-Israel. Buite so 'n verhouding het die Tien Gebooie nie 'n selfstandige bestaan nie. Daarom word die kliptafels met die gebooie op stukkend gebreek wanneer Israel die verhouding met God verbreek (Eks 32:19).

Om die Tien Gebooie te verstaan as 'n riglyn vir die dankbaarheid van hulle wat deur God verlos is (HK Sondag 34-44), is dus legitiem. Maar om, soos dit dikwels in die Reformatoriese teologie gebeur, daarvan 'n wet te maak waarmee die samelewing georden moet word en dit dan nog so voor te stel dat die afdwing van die Tien Gebooie deur 'n owerheid die ongelowiges tot God se eer laat leef, is 'n growwe mistasting.

### 3.5 Die teokrasie en die koninkryk van God

Die begrippe 'teokrasie' en 'koninkryk van God' speel, soos reeds aangedui, 'n belangrike rol in teologiese kringe wat meen dat die kerk 'n taak het by die ordening van die samelewing. 'n Teoloog soos Van Ruler het byvoorbeeld 'n hele teologie rondom die begrip 'teokrasie' en die teologies-semanties verwante begrippe 'koninkryk van God' en 'heiliging van die wêreld' opgebou (vgl byvoorbeeld Van Ruler 1945:153-379; 1947a:4-141; 1947b:158-214; 1969:191-215). In hierdie teologie van die teokrasie (Stamm & Vriezen 1956:399) speel die Ou Testament 'n geweldige belangrike rol. Van Ruler (1971:29) sê byvoorbeeld van Israel en die Ou Testament: 'They reflect what the living God has in view for man and the world: his kingdom, his image, the law, theocracy'. Vir Van Ruler (1971:77) staan die koninkryk van God sentraal in die Ou Testament. Dit is in hierdie bedeling wesenlik 'n aardse koninkryk: 'But the quintessence is to be found in politics in the broadest sense of the term: the state, social and economic life, culture — in a word, the sanctification of the earth' (Van Ruler 1971:91). Hierin lê volgens Van Ruler dan ook die waarde van die Ou Testament vir die Christelike kerk. Die kerk leer in die Ou Testament dat dit nie net gaan om die *corpus Christi* nie, maar ook om die *corpus Christianum.*

Die kommentaar wat Vriezen gelewer het op die standpunt van Van Ruler dat die teokrasie die *entscheidendes Offenbarungsfaktum* in die Ou Testament is, is vandag nog geldig (Stamm & Vriezen 1956:399). Hy sê onder andere: 'Es ist nun die Frage, ob diese Theologie der Theokratie ... in dieser Form tatsächlich biblisch ist oder ob sie vielleicht doch von einem bestimmten systematisch-theologischen Geschichtswinkel aus bestimmte biblische Fakta in einer falschen Perspektive sieht und einseitig darstellt'.

In aansluiting hierby kan gestel word dat die teologiese diversiteit in die Ou Testament vandag algemeen aanvaar word deur Ou-Testamentici en dat geen Bybelwetenskaplike van formaat meer vandag die standpunt handhaaf dat die Ou Testament 'n



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

sentrale tema het wat deur 'n term soos 'koninkryk' of selfs 'verbond' aangedui kan word nie. Die debat oor die vraag na die *Mitte* van die Ou Testament is reeds meer as twee dekades gelede afgehandel (vgl Hasel 1972:77-103).

'n Teologiese debat oor die vraag of die kerk 'n kultuurtaak het of nie, is in Nederland gevoer in die vyftigerjare, onder andere na aanleiding van die standpunt van Van Ruler. Dit was hoofsaaklik 'n debat tussen sistematiese teoloë. In die briefwisseling tussen Haitjema en Van Niftrik sê Van Niftrik onder andere 'dat het Rijk, dat wij verwachten, niets anders is dan Jezus Christus, *die* wij verwachten' (Haitjema & Van Niftrik 1956:19). Van Niftrik sê verder 'Theocratie? Ja! Maar dan verkondigingstheocratie. En niets meer! Ik meen op grond van de Schrift, dat wij niet meer mógen en kunnen zeggen' (Haitjema & Van Niftrik 1956:22). Vriezen het die saak van teokrasie en die ryk van God soos volg saamgevat:

> Sie [die Kirche] hat die verborgene Theokratie zu glauben, auf das Reich Gottes zu hoffen und davon Zeugnis zu geben, ohne den Willen zu haben, Institutionen zu schaffen, die eine äuszere Christianisierung bringen würden. Jede solche Christianisierung hat die Gefahr der Repristinierung und würde zwangsmäszig wirken statt glaubensmäszig.
>
> (Stamm & Vriezen 1956:403v)

Die standpunt dat die ryk van God en dus ook die teokrasie *geloofsaak* is, beteken egter nie dat die kerk hom (soos die beskuldiging dikwels lui) met 'n kloostermentaliteit aan die wêreld onttrek nie. Inteendeel! Bonhoeffer het dit só gestel:

> [W]ir [kommen] mit unseren Utopien nicht über unser Sterben, nicht über unser Alleinsein, nicht über unseren Durst hinaus — sie gehören alle ganz zur verfluchten Erde. — Aber wir sollen nun auch gar nicht darüber hinaus kommen, sondern das Reich kommt ***zu uns*** in unser Sterben, in unser Alleinsein, in unseren Durst, es kommt dort, wo die Kirche in der Solidarität mit der Welt verharrt und allein von Gott das Reich erwartet.
>
> 'Dein Reich komme' — das betet nicht die fliehende fromme Seele des einzelnen, das betet nicht der Utopist und Schwärmer, der hartnäckige Weltverbesserer — das betet allein die Gemeinde der Kinder der Erde, die sich nicht absondern, die keine besonderen Vorschläge zur Besserung der Welt anzubringen haben, die auch selbst nichts Besseres



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> sind als die Welt, aber die nur in der Mitte, in der Tiefe, in der Alltäglichkeit und Unterworfenheit der Welt gemeinsam ausharren, — weil sie nun eben einmal in diesem Dasein in wunderlicher Weise treu sind und unverwandt ihren Blick heften ... auf die Auferstehung Jesu Christi. Hier ist das Wunder schlechthin geschehen. Hier ist das Todesgesetz zerbrochen, hier kommt das Reich Gottes selbst auf Erden zu uns, in unsere Welt, ... Gottes Reich ist das *Reich der Auferstehung* auf Erden.
>
> ... Wir setzen Gott Grenzen, indem wir in erstohlener Demut sagen, Gott könne nicht zu uns kommen, ... Diese Demut ist nichts als der schlecht verhohlene Hochmut dessen, der selbst wissen will, was Gottes Reich ist, und der nun, in ebenso schlecht verhohlenem Eifer, selbst das Wunder tun will, selbst das Reich Gottes schaffen will, und der im Erstarken der Kirche, in der Verchristlichung von Kultur und Politik und Erziehung, in einem Neuwerden christlicher Sitte das Kommen des Reiches Gottes erblickt und damit nur wieder dem Fluch der Erde, in der das Reich Gottes als Schatz *verborgen* ist, verfällt.
>
> (Bethge 1960:276v)

### 3.6 Die Ou Testament as getuie van 'n verbygegane orde

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat dit, by die gebruik van die Ou Testament om die kerk se 'kultuurtaak' te begrond, wesenlik gaan oor hermeneutiese vertrekpunte. Die saak van die hermeneutiek van die Ou Testament is so omvattend dat dit nie in 'n artikel van hierdie omvang volledig bespreek kan word nie. Die volgende is maar los gedagtes wat die breë kontoere van 'n eie verstaan aandui — 'n eie verstaan wat oor jare in 'n hoë mate ontworstel is aan die Hebreeuse teks van die Ou Testament.

Die Ou Testament praat oor 'n orde wat onherroeplik verby is. Deel van hierdie orde wat finaal verby is, is God se verbond met Israel, die verbondsbepalings (wette), die Dawidiese koningskap en die kultus in Jerusalem. Hierdie orde met al sy vorme is verby omdat God in Jesus Christus 'n nuwe weg ingeslaan het. Dit het Hy as soewereine Heer oor sy Woord en as soewereine Heer oor die wêreld gedoen.

Hierdie skokkende waarheid dat God in Christus 'n nuwe weg ingeslaan het, lê aan die wortel van die probleem wat die kerk oor al die eeue met die Ou Testament ervaar. Dat God absoluut soewerein is oor sy Woord en die wêreld, val swaar op die oor van mense wat alles wat God doen en sê, wil sistematiseer om sodoende 'n mate van beheer oor Hom te kry! Oor al die eeue wil die mens God in een of ander skema inkry, sodat Hy hanteerbaar kan wees. Die teoloë 'hanteer' God deur metafories-teologiese kon-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

strukte soos 'verbond' van God, 'koninkryk' van God, 'wet' van God, 'beloftes' van God, 'wil' van God, 'eer' van God en vele meer. Die doel is telkens om in hulle eie besondere omstandighede deur middel van 'n eie metafories-teologiese konstruk God diensbaar te maak aan die eie teologiese en politieke oortuigings. Die verleentheid dat die Ou Testament getuie is van 'n verbygegane orde, word deur teoloë omskep in 'n geleentheid om juis die Ou Testament die gesagsbron te maak van die eie teologiese konstruk.

Die feit dat die Ou Testament handel oor 'n orde wat finaal verby is, dat daar 'n radikale breuk tussen Ou en Nuwe Testament lê en dat die Ou Testament oor baie eeue misverstaan en misbruik is, beteken egter nie dat die Ou Testament as Woord van God nutteloos is vir die Christelike kerk nie. God se soewereine besluit in Christus maak nie die Ou Testament agterhaal nie. Dit gaan immers nie oor 'n orde nie. God maak *Homself* aan ons bekend in die Ou Testament. Die wesenlike hiervan is dat Hy met mense in verhouding tree. In sy verhouding met mense leer ons God se liefde, sy genade, sy oordeel, sy vergifnis, sy trou, sy almag, sy soewereiniteit ken. Die Ou Testament praat op verskillende maniere oor hierdie werklike genadige en oordelende teenwoordigheid van God by mense. Sy verhouding met mense word uitgedruk in terme van die verbond, die kultus, die koningskap in Jerusalem, die wysheidsorde, ensovoorts.

Die religieus-sosiale kring waarin die getuienis oor God se teenwoordigheid by mense gelewer is, het in 'n hoë mate die 'uitdrukkingsvorm' van daardie teenwoordigheid bepaal. So byvoorbeeld staan die verbond baie sterk op die voorgrond in dié kringe wat verantwoordelik was vir die Deuteronomistiese geskiedenis. Die kultus is weer in 'n hoë mate die uitdrukkingsvorm in die kringe wat vir die Kronistiese geskiedenis verantwoordelik was. Soms het hierdie sosiale kringe met mekaar in spanning verkeer. Die resultaat was dat hulle getuienis oor God se teenwoordigheid by mense dikwels ook hierdie spanning reflekteer. Genesis 2-11 verraai byvoorbeeld 'n vooroordeel teen die stad- en staatskultuur (Wittenberg 1995:439-457). In die Deuteronomistiese geskiedenis is daar (soos o a ook by Hosea en ander proto-Deuteronomistiese literatuur) 'n sterk tendens om koning en priester 'uit te skryf' en die profeet (of liewer profetewoord) die hoop vir die toekoms te maak (Breytenbach 1996:702-710). Die Kronistiese geskiedskrywers vertel die koningsgeskiedenis van die Samuel-en Koningsboeke oor, klaarblyklik omdat die vooroordeel teen die koning en die kultus nie byval gevind het in 'n tradisiekring waar die priester-koning van Jerusalem oor eeue die simbool was van God se teenwoordigheid by mense nie (vgl Ps 110). Terwyl die meeste wonderwerke in die Samuel- en Koningsboeke deur profete gedoen word en



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Dawid in al sy skurkagtigheid grotesk geteken word (2 Sam 11 en 12), vind die wonderwerke in Kronieke by die tempel plaas en lees 'n mens in dié boeke niks sleg oor Dawid nie.

Hierdie diversiteit waarin God se al te menslike Woord na ons kom, behoort ons daarvan te weerhou om 'n teologies-metaforiese konstruk soos 'die koninkryk van God' of 'die verbond' te poneer as dié grondvorm, die Ou Testament in terme dáárvan uit te lê en, ergste van alles, die saak te begin institusionaliseer deur ander gelowiges se regsinnigheid daaraan en daarmee te meet! Die eie aard van die Ou Testament as al te menslike Woord van God behoort ons ook daarvan te weerhou om 'n gedeelte soos die Tien Gebooie te neem en dít die maatstaf vir menslike gedrag te maak. Iemand sou byvoorbeeld die Tien Gebooie volledig kon hou sonder om ooit barmhartig te wees teenoor vreemdelinge (vgl Lev 19:34). Die etiese lewe van gelowiges word in elk geval nie bepaal deur stelle reëls nie. Dit word volgens die Ou en die Nuwe Testament bepaal deur wie God is en wat Hy vir mense gedoen het. Die verkondiging van die gekruisigde en opgestane Christus is in die Nuwe Testament telkens die grond vir die gelowiges se etiese optrede (vgl byvoorbeeld Rom 6:1-14; 12:1-21; Ef 2:1-22; 5:1-5; Kol 3:1-4:1). In die Ou Testament is dit nie die gebooie as sodanig nie, maar God se verlossing uit Egipte wat die grond is vir Israel se toewyding aan JHWH. Die verkondiging van God se groot dade aan die geloofsgemeenskap bepaal hoe hulle leef (vgl die parenetiese gedeeltes in Deut 4-11). Om dit kru te stel: 'n Mens kan nie 'n stel reëls of beginsels (soos sommige teoloë die Tien Gebooie verstaan) in sy sak steek en daarmee in die wêreld 'n lewe van toewyding aan God gaan leef nie. Maar iemand kan wel, sonder dat hy die Tien Gebooie ken, vanuit die verkondiging wat hy elke Sondag hoor, 'n lewe van toewyding aan God gaan leef. Die verkondiging van die Woord (waarvan die Tien Gebooie vanselfsprekend deel kan wees) bepaal die lewe van die gelowiges in die wêreld.

In óns teologisering is sake soos die koninkryk van God (teokrasie) en die verbond van God metafore waarmee 'n poging aangewend word om die onsêbare, naamlik dat die almagtige soewereine God met óns in verhouding getree het, tot uitdrukking te bring. 'n Skerp kritiese gees oor die eie pogings en opregte deemoed voor dié God wat mense getuies maak van sy liefde en wat mense toelaat om daardie getuienis te bestudeer en self daaroor te getuig, is 'n voorvereiste vir goeie teologie.

### 3.7 Twee teologiese paradigmas

Die aard van die onderwerp wat in hierdie artikel aan die orde is, het my verplig om ook die werk van sistematiese teoloë oor 'n wye front te raadpleeg. Die oorheersende indruk wat dié navorsing gelaat het, is dat daar agter die verskille oor die vraag of die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

kerk 'n kultuurtaak het of nie, ten diepste twee teenoorstaande teologiese paradigmas lê. 'n Oppervlakkige leser sou dit as 'n verskil tussen die Lutherse en Calvinistiese tradisies tipeer en die wortel daarvan soek by Luther se standpunt oor die twee regimente van God, en Calvyn se verskil daarvan. Die saak is egter nie so eenvoudig nie. Luther het byvoorbeeld uit 'Bürgerpflicht' en vanuit sy 'Pflicht als Theologe' baie sterker gemeenskapordenende werk gedoen as wat algemeen aanvaar word (vgl Kunst 1976).

> Denn diese politische Verantwortung kommt nicht aus Zweckmäßigkeitserwägungen oder aus dem Bewußtsein der Verpflichtung für die Gemeinschaft, für Recht, Ordnung, soziale Gerechtigkeit und was alles andere hier in Betracht kommt, sondern aus der Bindung an das Wort Gottes, das an den ganzen Menschen und alle Formen seiner Gemeinschaft gerichtet ist.
>
> (Kunst 1976:402)

Dit verskil nie baie van Calvyn se standpunt nie. Die verskil oor die kerk se kultuurtaak moet eerder gesoek word by aan die een kant 'n histories-konfessioneel georiënteerde teologiese paradigma en aan die ander kant 'n dialekties-krities georiënteerde teologiese paradigma. Binne die teologiese tradisie van die Nederduitsch Hervormde Kerk is laasgenoemde teologiese paradigma 'n trajek wat gevolg kan word vanaf die etici in Nederland (Loader 1987:47-57) via die dialektiese teologie van Barth tot in die huidige tyd waar die eksponente daarvan veral tuis is onder Bybelwetenskaplikes en sommige sistematiese teoloë. Eersgenoemde teologiese paradigma se trajek kan gevolg word vanaf Calvyn via die ortodoksie én Nadere Reformasie (!) met beïnvloeding van Kuyper en in die besonder van Van Ruler tot in die huidige tyd waar eksponente daarvan veral tuis is onder kerkhistorici, dogmenhistorici en sommige sistematiese teoloë.

Die verskille tussen hierdie twee teologiese paradigmas kan vanselfsprekend nie hier uitgewerk word nie. Dit sal 'n studie op sy eie verg. In so 'n studie sal daar onder andere baie deeglik rekening gehou moet word met die invloed wat die kennisname of afwysing van die resultate van histories-kritiese navorsing op teologiese paradigmas in die eie kerklike tradisie gehad het en steeds het. So 'n studie sou ook byvoorbeeld die volgende stelling van Barth, die vader van die dialektiese teologie, en die effek wat dit kon gehad het, in berekening moet bring.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> Die sogenannte Kirchengeschichte antwortet auf keine selbständig zu stellende Frage hinsichtlich der christlichen Rede von Gott und ist darum nicht als selbständige theologische Disziplin aufzufassen. Sie ist die unentbehrliche Hilfswissenschaft der exegetischen, der dogmatischen und der praktischen Theologie.
>
> (Barth, in Van Ruler 1947a:20)

## 4. TEN SLOTTE

Dit is my oortuiging dat die kerk nie 'n kultuurtaak het nie. Die gelowiges het ook nie 'n kultuurtaak in die sin dat dit 'n opdrag van die Here is nie. Iemand kan 'n gelowige kind van God wees sonder dat hy of sy ooit belangstel in onderwyssake of deelneem aan 'n verkiesing, of wat ook al. Sulke dinge is deel van *alle* mense se *Bürgerpflicht* wat elkeen in sy of haar eie omstandighede uitvoer of nalaat.

Die kerk het sy taak in die wêreld uitgevoer as hy die Woord van God verkondig het. Dit is nie 'n saak wat ligtelik afgemaak moet word asof die verkondiging van die Woord 'n kragtelose, onbelangrike gebeure is nie. Woordverkondiging is 'n ingrypende saak. God regeer die wêreld deur die verkondiging! Getuie wees van wat God in Jesus Christus gedoen het en doen, is die wyse waarop God deur 'n beteuterde klompie mense die 'koninkryk vir Israel' oprig tot in die uithoeke van die wêreld (Hand 1:6-8). Maar dan moet dit nie 'n woord wees wat mense oortuig van standpunte (veral nie teologiese standpunte!) of hulle op een of ander wyse organiseer nie. Dit moet dié Woord wees wat elkeen, ook die verkondiger self met sy of haar hele lewe stel voor God se liefde, sy oordeel en genade. Die kerk het alles gedoen as hy die Woord, Jesus Christus, só verkondig het.

Die kerk het sy taak aan die wêreld uitgevoer as hy die wêreld aan God opgedra het. Deur die eendragtige gebed tot God kom daar rus, godsvrug en eerbaarheid in die wêreld — kom daar in die chaos ruimte vir die kerk om teenoor die heidene te getuig van die één God en die één Middelaar, die mens Christus Jesus (1 Tim 2:1-8).

Die kerk kan by die owerheid of enige ander instansie in die wêreld intree vir sy lidmate. Maar dan nie uit politieke oortuigings of omdat die lidmate 'n bepaalde politieke oortuiging het nie, maar uit die liefde van Christus vir dié wat in nood is, soos 'n Paulus vir 'n Onesimus. Dit is eie aan die aard van die kerk van Jesus Christus dat hy baie beter kan pleit as beveel (Filem 1:8-19).

Getuie wees in die wêreld, bid vir die wêreld en pleit by die wêreld verg nie net selfkritiek en diep deemoed voor God nie. Dit verg ook noukeurige studie van die Ou en die Nuwe Testament. In hierdie moeisame arbeid skenk God aan die mens 'n groot



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

stuk genade: Die mens ontdek dat dié God wat in Jesus van Nasaret mens geword het, nie 'n mens is as dit kom by die skuld wat Hy die mens moet toereken en as dit kom by die liefde nie. Die mens ontdek dit veral in die Ou Testament (vgl Hos 11).

**Literatuurverwysings**


Aalders, P F T 1973. Religie en politiek: De theokratische gedachte bij prof dr A A van Ruler, in *Woord en werkelijkheid* 1973:9-27.

Barr, J 1983. *Holy Scripture: Canon, authority, criticism*. Oxford: Clarendon.

Bethge, E (Hrsg) 1958. *Dietrich Bonhoeffer: Ökumene; Briefe, Aufsätze, Dokumente, 1928 bis 1942*. München: Kaiser.

——— 1960. *Dietrich Bonhoeffer: Gesammelte Schriften, Dritter* Band. München: Kaiser.

Bosman, H L (et al) 1987. *Die Nederlandse Geloofsbelydenis: Ontstaan, Skrifgebruik en gebruik*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Breytenbach, A P B 1995. Nadenke oor die kerkbegrip: Enkele perspektiewe op grond van die Deuteronomistiese geskiedenis. *HTS* 51, 702-711.

Calvyn, J 1559. *Institutie: Onderwijzing in de Christelijke godsdienst, Eerste & derde deel,* vertaald door A Sizoo. 3e druk. Delft: Meinema.

De Greef, W 1984. *Calvijn en het Oude Testament*. Groningen: Ton Bolland.

*Die Bekenntnisschriften der Evangelisch-Lutherischen Kirche* 1979. Göttingen: Vandenhoeck.

*Die Hervormer* 15 April 1991. Die Nederduitsch Hervormde Kerk en die onderwys, bl 4.

——— 15 Augustus 1994. Verklaring oor moontlike aantasting van Afrikaans deur die uitsaaimedia, bl 1.

Dreyer, W A 1995. Kerk, volk en owerheid: 'n Hervormde perspektief. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Haitjema, Th L & Van Niftrik, G C 1956. *Theokratie en eschatologie*. Wageningen: Veenman.

Hasel, G F 1972. *Old Testament theology: Basic issues in the current debate*. Grand Rapids: Eerdmans.

Kunst, H 1976. *Evangelischer Glaube und politische Verantwortung: Martin Luther als politischer Berater seiner Landesherrn und seine Teilname an den Fragen des öffentlichen Lebens*. Stuttgart: Evangelisches Verlagswerk.

Loader, J A 1987. 'Tertium datur' — oor die etiese waarheidsbegrip. *HTS* 43, 47-57.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1995. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.




Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Pont, A D 1986. Verbond en volkskerk. *HTS* 42, 28-76.

——— 1991. Die verhouding 'kerk en volk' in die jare 1835-1900 in die Oorvaalse: 'n Terreinverkenning. *HTS* 47, 783-799.

Stamm, J J & Vriezen, Th C 1956. 'Die christliche Kirche und das Alte Testament': Zwei Stimmen zu A A van Ruler's gleichnamer Schrift. *EvTh* 16, 387-404.

Steenkamp, J J (red) [1996]. 'n Eietydse getuienis op Hervormingsdag in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 4 November 1995. s l.

Van Ruler, A A 1945. *Religie en politiek.* Nijkerk: Callenbach.

——— 1947a. *Het koninkrijk Gods en de geschiedenis.* Nijkerk: Callenbach.

——— 1947b. *Droom en gestalte.* Amsterdam: Holland.

——— 1969. *Theologisch werk, Deel I.* Nijkerk: Callenbach.

——— 1971. *The Christian church and the Old Testament*, translated by G W Bromiley. Grand Rapids: Eerdmans.

Wittenberg, G H 1995. Wisdom influences on Genesis 2-11: A contribution to the debate about the 'Yahwistic' primeval history. *OTE* 8, 439-457.

*Woord en werkelijkheid: Over de theokratie* 1973. Nijkerk: Callenbach.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services